

SEWE DAE SEWE GELOFTES

Die getal 7 verteenwoordig 'n afgeronde, volmaakte periode of siklus van gebeure met 'n spesiale seën en heiliging. Daarom kan die gelofte wat sewe keer afgelê is, nooit weer opgehef word nie.

WESTERLING-HERKOMS VERLORE IN SUID-AFRIKA

DIE BITTEREINDERS SAL VOLHARD

DIE VIER PERDE VAN AFRIKA

EN MEER...

DIE VAANDELDRAER





INDEX

SEWE DAE – SEWE GELOFTES	3
SKOKKENDE GEURMIDDELS IN ONS VOEDSEL EN LEKKERS	5
WESTERLING-HERKOMS VERLORE IN SUID-AFRIKA	6
MEXIKO EN GUATEMALA VERKLAAR OORLOG TEEN AMERIKA	8
WAAR KENNIS ONTBREEK, SEËVIER SOTHEID IN DIE NSA!	9
DIE GETY HET GEDRAAI (ADV. PJ PRETORIUS EN ADRIAAN SNYMAN)	11
SÊ NET HOEKOM ONS NOG MOET HELP	12
DIE BITTEREINDERS SAL VOLHARD	14
POLE SE STRYD OM VRYHEID	14
DIE VIER PERDE VAN AFRIKA	15
25 JAAR	16
SWARTES SE KULTUUR VAN WANBETALING	18
VERDEDIG WESTERSE KULTUUR OF STERF	19
SWAKOPMUND SKILDER WREED VERMOOR	21

Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

SEWE DAE – SEWE GELOFTES

Op 16 Desember vier ons weer die gelofte wat 180 jaar gelede die eerste keer deur die Voortrekkers in die laer afgelê.

Toe Israel teenoor die Kanaäniete te staan gekom het, het as volk 'n gelofte afgelê dat as die Almagtige die Kanaäniete in hulle hand oorgee, hulle almal met die banvloek sou tref.

Na daardie gelofte van Israel het ongeveer 1400 jaar verloop voordat Sarel Cilliers-hulle, in teenstelling met Israel se enkelvoudige gelofte, hulle nie net sewe agtereenvolgende dae lank voor hul Skepper verootmoedig en gevra dat hy Hy die vyand in hulle hand sal oorgee nie, maar in dieselfde tyd ook sewe verskillende geloftes afge1ê.

(Terloops: Hulle het Hom nie gevra om hulle te help om met die vyand te versoen òf om met hulle 'n vredesverdrag te sluit nie. Net soos Israel van ouds was hulle pleidooi dat Hy die vyand in hulle hand sal oorgee. Wat Hy toe ook gedoen het!)

Daarenteen het Piet Retief-hulle met dieselfde vyand 'n ooreenkoms/verdrag aangegaan waarvoor hulle almal met hul bloed betaal het!

Die getal 7 verteenwoordig 'n afgeronde, volmaakte periode of siklus van gebeure met 'n spesiale seën en heiliging. Nie net was elke sewende dag heilig nie, maar ook elke sewende jaar. Daarom kan die gelofte wat sewe keer afgelê is, nooit weer opgehef word nie.

Behalwe vir die repeterende sewedae-siklus waartydens die gelofte afgelê is, het dit ook 'n ingeboude sewepunt-belydenis wat sinnebeeldig heenwys na



die sewedae-skepping — ses dae van arbeid en 'n rusdag.

Ons staan ook nie onder die verpligting van die gelofte wat ons voorsate afgelê het nie, maar onder die verpligting vir wat Hy op 16 Desember vir ons gedoen het. Soos Schalk Jacobsz dit stel: “Die gelofte was niks meer as 'n aanbod van kontrak nie. Sonder die Almagtige se aanvaarding van die aangebode kontrak sou dit waardeloos gewees het (en) sou daar uit hierdie manne geen volk kon voortgespruit het nie, want almal sou tot die laaste man uitgewis gewees het”.

In Desember 1838 het die geboortepyne van die Boervolk se baring begin wat eers met die afloop van die 2de Vryheidsoorlog plaasgevind het. President Steyn het hierdie “geboorte” só beskryf tydens 'n kongres van die Oranje-Unie op 18 Maart 1908: “Die dag na die Slag van Graspan naby Reitz het ek op die slagveld gekom by die plek waar drie van ons manne gesneuwel het, 'n Kolonialer, 'n Vrystater en 'n Transvaler. Ek het gesien hoe hulle lewensbloed in een groot plas tesaam gestroom het. Ek het asof vasgenaël by die plas gestaan ... Dit was vir my 'n heilige oomblik. Nuwe hoop en nuwe moed het my vervul. Ek het op my perd geklim en weggery, oortuig in my hart dat ek die ware vereniging van Suid-Afrika gesien het, want dié bloed kon geen mens meer skei nie!”

Maar selfs nou nog is ons 'n verdeelde volk waarvan Piet Retief en sy manne die liberale been verteenwoordig en Andries Pretorius-hulle die behoudende been.

Piet Retief het geglo dat onderhandeling en ooreenkoms met die vyand die antwoord is. Teenstrydig met wat die Woord aan ons voorhou dat jy met God se vyand geen ooreenkoms mag sluit nie. Ook het Retief in geen stadium vóór sy aankoms by Dingaan se kraal in Februarie 1838, die behoefte geopenbaar

om hom tot God te wend vir sy beskerming, hulp en bystand nie.

In teenstelling hiermee het Pretorius en sy manne hulle vir sewe dae agtereenvolgens voor hul Skepper verootmoedig en in alle nederigheid sy beskerming, hulp en bystand afgepleit.

Die gelofte: Hier staan wij tans op een ogenblik voor een Heilige God van hemel en aarde

(Die geloftemakers ten eerste dat die Een voor wie hulle staan en wat hulle aanroep, die Almagtige Skepper van hemel en aarde is)

om een Belofte aan Hem te beloven, (Hulle verkeer in groot benoudheid waaruit net Hy kan hulle red, en in ruil daarvoor is hulle bereid om 'n jaarlikse offer te bring — hulle gee Hom hul erewoord dat hulle sal doen wat hulle hierna belowe)

als Hij met Zijn beskerming met ons sal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, (Hulle vra Hom nie dat hulle om met die vyand versoen te raak óf om met hulle 'n vredesverdrag te sluit nie. Nee, hulle vra dat Hy die vyand in hulle hand sal oorgee om verslaan (doodgemaak) te word. Daarenteen het Piet Retief-hulle met dieselfde vyand 'n ooreenkoms aangegaan waarvoor hulle met hul bloed moes betaal!)

dat wij die dag en datum elke jaar zoals een Sabbat in Zijn eer zullen doorbrengen, (Met die woorde “zoals een Sabbat”, erken hulle nie net die bestaan van 'n besondere dag wat Hy vir Homself as Rusdag “geseën en geheilig” het nie, maar belowe ook plegtig dat hulle hul oorwinningsdag jaarliks sal gedenk en onderhou soos Hy op sy Sabbat doen.)

en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zullen waar het Hem zou behagen, (Die “tempel” wat hulle tot sy eer sal “stichten”, verwys na nie na 'n gebou wat hulle vir Hom sal oprig nie, want “die Allerhoog-



ste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Waar is dan die huis wat julle vir my sal bou?” (Hand. 7:48). Want julle (sy volk) is ‘n tempel van God en die Gees van God woon in julle (sy volk). (1 Kor. 3:16-17). Na die oorwinning behaal is, sal hulle vir Hom ‘n volk stig — tot stand bring. 16 Desember 1838 was dan ook die geboortedag van die Trekvolk.)

en dat wij het ook aan onzen kinderen zullen zeggen dat zij met ons erin moeten delen tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. (Hulle belowe ook plegtige om die viering van hierdie oorwinningsdag aan hulle kinders en kindskinders oor te dra so dat die opkomende geslagte van die hele volk daarin kan deel.)

Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheerlikt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem sal worden gegeven.

Die sewe-punt-belydenis van die gelofte vorm dus ook ‘n volmaakte, afgeronde eenheid. Daarom dat ons hier aan die einde opnuut ‘n weerklank vind van die nederige erkenning waarmee dit geopen het, nl. “hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde”. In hierdie laaste slotwoorde is daar geen beduidenis of verwysing na die mens se bydrae tot ‘n oorwinning “wat nog behaal moet word” nie. Die selfde belydenis het ons ook by ‘n Abraham, Jakob en Dawid gekry: As die roem en eer vir die oorwinning Hom en Hom alleen toekom, is dit reeds behaal. Die Slag van Bloedrivier het dit bewys!

SKOKKENDE GEURMIDDELS IN ONS VOEDSEL EN LEKKERS

In 2010 het die pro-lewe organisasie Children of God for Life (CGL), aan die Joodse Zionis en hoofuitvoerende beampte van Synomyx, Kent Snyder, geskryf en beswaar gemaak teen die gebruik van fetusselle

as bymiddel om die smaak van lekkergoed en sekere voedselsoorte te ‘verbeter’.

Synomyx en die maatskappye wat op sy webtuiste gelys word as vennote, het besluit om die brief te ignoreer. Daarna het CGL te kenne gegee dat hy beplan om voedselindustrië soos Pepsico, Kraft Foods, Campbell Soup, Solae en Nestlé, te boikot.

Senomyx se webtuiste sê dat “sleutelprogramme van hierdie maatskappye fokus op die ontdekking en ontwikkeling van geurige bestanddele vir lekkergoed en ander byvoegsels wat bedoel is om die hoeveelheid suiker en sout in voedsel en drankies te verminder, en dat fetusselle maar een daarvan is”

Debi Vinnedge, die uitvoerende direkteur van Children of God for Life, het reeds in 2012 ‘n skokkende onthulling in dié verband gemaak: “Wat weggesteek word vir die publiek is dat MEN 293 (Menslike Embriëniese Nierselle) uit uitgesoekte geaborteerde babas gehaal en as bymiddels in produkte gebruik word.” Children of God for Life is ‘n pro-lewe organisasie wat die hoeveelheid en gebruik van geaborteerde materiaal in mediese en kosmetiese produkte (per jaar) monitor.

Sy het verder gesê: “Hulle kan eerder aapselle, Sjinese hamsters se eierstokselle, insekselle of ander menslike smaakbyvoegsels wat moreel aanvaarbaar is, gebruik.”

Nestlé het erken dat hulle gebruik maak van Senomyx se navorsing en het aangedui dat die sel-lyn “goed gevestig is in die wetenskaplike navorsing”. Met ander woorde, wetenskaplikes maak jare lank al gebruik van fetusse om hulle van selle te voorsien.

Nadat mense in 2012 na Debi Vinnedge geluister het toe sy die realiteit van die probleem blootgestel het, het baie woedende verbruikers begin om hulle veroordeling van so ‘n immoraliteit uit te druk in briewe aan die betrokke maatskappye. Pepsi was

een van die maatskappye wat saam met Monsanto geld bygedra het vir die veldtog teen die dwing van maatskappye om die GM-inhoud op etikette te plaas. Hulle wou hê die publiek moenie daarvan weet nie.



Pepsi se antwoord was dat hulle samewerking Senomyx beperk is tot drankies met lae kalorie en wat lekker proe vir verbruikers. En dan brei hulle uit oor die suikergehalte wat sodoende kwansuis verminder word.

Die Campbell Soup Corporation was minder gepla. Hulle sê bloot dat hulle alles doen om die beste bestanddele te gebruik en om die grootste verskeidenheid produkte te ontwikkel. Dit was kort en kragtig hulle antwoord. M.a.w. geld kom eerste.

Alhoewel Campbell nie gesê het dat hulle hul metodes gaan verander nie, het Vinnedge voet by stuk gehou: “As genoeg verbruikers uitdrukking gee aan hulle ontsteltenis en hulle voorneme om hierdie verbruikersgoedere te boikot, sal Senomex gedwing word om sy metodes te verander.”

HEK is ook bekend as HEK 293 of bloot 293. Dit is ‘n spesifieke sel-lyn wat oorspronklik verkry is uit fetus-embrio nierselle en gekweek word in ‘n laboratorium as weefselkultuur (tissue culture). HEK selle is baie maklik om te kweek en word daarom vir jare al algemeen gebruik in selbiologiese navorsing. Dit

word ook deur die biotegniese industrie gebruik om terapeutiese proteïene en virusse vir gene-terapie te produseer.

Hier is ‘n kort lysie van produkte wat geaborteerde selle bevat:

Alle koeldranke en o.a. Pepsi; alle Mountain Dew koeldranke; alle Beer Mug Root Beer van Pepsi; Ocean Spray drankies; alle Tazo drankies; alle make van “energie drankies”; Double Shot; Frappucino; Lipton Tee en ander drinkgoed van dieselfde maatskappy; Propel; SoBe; Gatorade; Party Miranda; Tropicana; alle Nestlé produkte (koffieromers, kitsoppe, Maggi ekstrak blokkies, souse en kitsnoedelsop ingesluit).

Neocutis Produkte:

Hierdie maatskappy produseer anti-rimpelrome wat selle bevat van geaborteerde babas van 14 weke oud.

WESTERLING-HERKOMS VERLORE IN SUID-AFRIKA

Iemand skryf aan ons: “Ons dogter Yolanda het navraag gedoen by ABSA bank oor hul versekering op hul huis, want ons mense staar grondgrype in die gesig. Die persoon waarmee sy gesels het, het gesê hulle kan haar geen finale antwoord gee nie. Haar argument was waarvoor moet sy versekering betaal (wat nogal ‘n aardige bedrag beloop) as sy nie die sekuriteit het dat sy haar eiendom gaan behou nie?”

“Die bank het baie rondgespring met hul antwoorde, maar Yolanda is soos ‘n bulhond – as sy eers op ‘n spoor is laat los sy nie gou voor sy nie die regte antwoorde het nie.

“Kort hierna kry sy ‘n kennisgewing dat die Genealogie Vereniging gesluit gaan word. Die rede is waarskynlik omdat die Vereniging die herkoms van hoofsaaklik Blanke families naspour. In die swart gemeenskappe bestaan daar geen genealogiese geskiedenis nie.

Die sluiting van die vereniging bring mee dat al ons Afrika/Suid-Afrikaanse geskiedenis daarmee verlore sal gaan; verder sal al die kennis en inligting wat mense van die Genealogie afdeling nodig het, nie meer opgespoor kan word nie.

Jy kan nou maar 2 en 2 bymekaarsit en jy sal die antwoord kry waarom dit gedoen is, want wat die swart stamme betref, is daar feitlik geen genealogiese materiaal beskikbaar nie. Ons kon tot nou toe nog naspour wie ons blanke voorouers was, maar binnekort nie meer nie.

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) wat in 1964 gestig is, het dertien takke waarvan twaalf landtakke is en een elektroniese tak wat voorsiening maak vir lede wêreldwyd via die Internet.



Afstammelingen van Blanke families wat reeds vroeg aan die Kaap aangekom het, het Noord- en Ooswaarts getrek, sommige het op geëindig in die huidige Namibië en dan selfs verder tot in Angola en andere weer tot in Kenia. Wanneer jy hul voetspore volg, gaan nuwe wêreld oop. Dit gee ‘n mens insig in die kulturele, politieke en die godsdienstige oorewegings wat die dryfvere was vir hierdie migrasies wat dikwels gepaard gegaan het met groot ontberings, lyding en selfs sterftes.

Die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika het dit ten doel gehad om genealogiese bronnemateriaal op ‘n wetenskaplike manier te versamel, te ontsluit en te bewaar. Genealogiese navorsing word gedoen met die oog op dienslewering aan navorsers en vir die publisering van stamregisters en familiegeskiedenis van Suid-Afrikaanse families. Die GISA is as nie-belasbare instansie geregistreer by die SAID.

GISA het op 1 Oktober 2006 ‘n geaffilieerde lid van die Genealogical Society of Utah (GSU) geword. Dit bring mee dat die rekords wat by die GSU op mikrofilm beskikbaar is, deur GISA bestel kan word, op dieselfde manier as wat films by die Family History Centres aangevra kan word. Deur hierdie affiliasie kan navorsers by GISA dus tot ‘n groot hoeveelheid bronne, binne sowel as buite Suid-Afrika toegang verkry.

Kommentaar: Hoe het die Siener nou weer gesê? “Ons gaan nog alles verloor – alles!” D.w.s. ook die geskiedenis van ons herkoms. Hoekom doen hulle dit? Dis maklik. Hulle het self geen herkoms-geskiedenis nie!

‘n Mens kan nie toelaat dat alles so verlore gaan nie. Daar is gelukkig nog blankes vir wie hulle herkoms en geskiedenis nog genoeg saak maak dat hulle op hul manier ons geskiedenis in skrif vir die nageslag bewaar.

MEXIKO EN GUATEMALA VERKLAAR OORLOG TEEN AMERIKA

Die Mexikaanse president Enrique Peña Nieto en Guatemala se president Otto Perez Molina, het ooreengekom om die 14 000 Sentraal-Amerikaanse indringers te help om die Amerikaanse grense oor te steek. Intussen wag daar nog sowat 40 000 onwettige immigrante in die noorde van Mexiko om by hulle aan te sluit.

Hal Turner (voormalige FBI-agent), is die program, bekend as die “Southern Border Program Passage”, ’n amptelike en gesamentlike gekoördineerde poging van Mexiko en die nasies van Sentraal-Amerika om die Verenigde State met ‘sagte’ teikens binne te val en sodoende van al sy derduisende onwettige immigrante, dwelmkartelle en mensehandelnetwerke, wat openlik in Mexiko bedryf word, ontslae te raak.

Die program bied ook ’n netwerk van grenskontrolepunte waar ’n interne Mexikaanse reisdokument uitgereik word wat geldig is vir ’n tydperk van 72 uur. Dié dokument, bekend as ’n Streeksbesoekerskaart, sal tydelik regstatus verleen aan diegene wat onwettig in Mexiko is, met die uitsluitlike doel om die Verenigde State-grens oor te steek.

Pres. Donald Trump hanteer die inval as ’n bedreiging vir die nasionale veiligheid en nie as ’n humanitêre krisis nie.

Die hele insident was ooglopend en doelbewus deur die Demokratiese Party beplan en uitgevoer om die middel-termynverkiesing in ’n krisis te probeer dompel, maar dit he nie geslaag nie.

Die Trump-administrasie beskou hierdie optrede as ’n oorlogsverklaring deur die Mexikaanse en Guatemala regerings, wat Trump daartoe kan dwing om met militêre magte in Mexiko in te gaan.

Kragtens VSA Kode 50 § 1541 (c) (3) kan die president sulke troepe gebruik in ’n “nasionale noodgeval geskep deur ’n aanval van buite”.

Die 82ste Lugeskader-divisie is reeds ontplooi en is deur familieledes op Twitter bevestig; maar in Mexiko is daar ’n media-nuusverbod hierop om die meerderheid indringers nie die skrik op die lyf te jaag nie. Hulle is nog volstoom aan die opruk na die Amerikaanse grens.

Intussen is die 1ste Pantserdivisie op Trump se bevel ook na die Mexiko-grens ontplooi. Hierdie ‘inval’ uit Meksiko kan Trump in die grootste krisis dompel sedert hy op 20 Januarie 2017 president van Amerika geword het.

Hoe die weermag gebruik sal word, is nog ’n ope vraag, maar dit lyk of hulle die mag sal hê om indringers voor die voet in hegtenis te neem. Daar kan natuurlik ook verwag word dat beserings en sterfgevalle sal voorkom, omdat daar na verwagting ’n oorweldigende inval by die ‘hawens van toegang’ in Texas, Kalifornië en Arizona sal wees.

En dis presies waarvoor die Demokratiese Party hom klaargemaak het en waarom hy hierdie onwettige ‘inval’ beplan het. Hy het sy hoop daarop gevestig dat voorvalle van geweld deur die weermag teen die inkommers, kiesers sal dwing om nie vir die Konservatiewe Party te stem nie.

Ongelukkig het hierdie slenter nie geslaag nie. Onder die Amerikaanse burgers is daar op die oomblik ’n toenemende weerstand aan die opbou teen vreemde delinge wat hulle land onwettig wil binnekom.

Volgens berigte op FoxNews, asook verslae van die CIA is daar onder die invallers derduisende misdadigers wat vroeër uit die VSA gedeporteer is en wat as deel van die invallers, beplan om die Amerikaanse grens in afgeleë gebiede oor te steek.

Indien die situasie nie ontlont word nie en die inval in Amerika voortduur, is die president geadviseer om die volgende stappe te neem:

1. Alle buitelandse hulp aan Honduras en Guatemala sal gestaak word.
2. Alle buitelandse hulp aan Mexiko met die helfte gesny word. Die finansiële hulp sal herstel word indien die Meksikaanse owerhede alle invalleiers en finansiële ondersteuners in hegtenis neem en hulle aan die US oorhandig.
3. Alle geld wat oorspronklik aangewys is om gebruik te word om hierdie lande te help, sal in 'n fonds geplaas word om die koste van hierdie noodsituasie te betaal.
4. Die suidelike grens sal beman word deur Amerikaanse troepe. Hulle sal opdrag gegee word om alle nie-dodelike middele te gebruik om hierdie onwettige inval in ons land te stop. Maar hulle sal toestemming hê om dodelike geweld in selfverdediging te gebruik om dodelike aanvalle op Amerikaanse burgers en Amerikaanse grondgebied te voorkom en as dit nodig is om geweld te onderdruk. Hulle sal die gesag hê om almal wat hul vermoë misbruik om die Amerikaanse soewereiniteit te verhinder, in hegtenis te neem.
5. Almal wat op die een of ander manier die grens oorsteek, sal in hegtenis geneem word en gedeporteer word binne dae nadat hierdie noodsituasie onder beheer gebring is.
6. Die VSA sal met of sonder die Mexikaanse regeringshulp, dadelik 'n veldtog begin om alle lede van die onwettige inval in te lig van alle aksies wat ons onderneem om hulle toegang tot die VSA te voorkom.
7. Alle Amerikaanse konsulêre kantore in Mexiko sal binne enkele dae personeel verhoog om die

groot aanvraag vir asiel te hanteer.

8. As deel van die proses sal Amerikaanse konsulêre kantore asielsoekers voorsien wat die invalsmag met genoeg fondse gelaat het om na Honduras of Guatemala terug te keer of hulle in Mexiko te vestig.
9. Alle deelnemers aan die invalsmag wat die VSA help om die leiers te arresteer en finansiële ondersteuners van die inval sal in aanmerking kom vir 'n aansienlike beloning.
10. Almal wat die invalsmag verlaat en na Honduras of Guatemala terugkeer, kan by konsulêre kantore vir finansiële hulp aansoek doen, en
10. die Amerikaanse kongres sal die nodige wetgewing oorneem om die grensheining aan die suidelike grens te bou.

WAAR KENNIS ONTBREEK, SEËVIER SOTHEID IN DIE NSA!

(Drie voorbeelde):

1) Ace Magashule, sekretaris-generaal van die ANC, het 'n Pierneef-skildery van die Vrystaatse regering van tussen R6 en R8 miljoen aan sy voormalige lyfwag Ricardo Mettler (41), as 'n geskenk gegee.

Mxolisi Dukwana, voormalige Vrystaatse LUR en ANC-hoofleierslid, het onlangs opslae gemaak toe hv Magashule in hofdokumente by die Gupta-familie en moontlike staatskaping betrek het. Hy het te kenne gegee hy wil hieroor voor die Zondo-kommissie gaan getuig.

Alastair Meredith, spesialisondersoeker van Strauss & Co, sê die Valke, Spesialis-ondersoekers van die



polisie, ondersoek die geval van die Pierneefskildery. “Ons het die Pierneef-skildery aan die Valke oorhandig in wie se besit dit nou is.”

Intussen het Titsetso Makhele, woordvoerder van die Vrystaatse premierskantoor, namens die provinsiale regering sy waardering uitgespreek vir die “waaksaamheid van sowel amptenare van die provinsiale regering as die kunshandelaar wat meegebring het dat die verdwyning van die kosbare Pierneef-skildery ontdek is”.

“Die Vrystaatse regering sien daarna uit om weer die skildery in besit te kan neem. Dit is een van die skilderye wat van die administrasie van voor 1994 oorgeërf is en sal as ’n kosbaarheid bewaar word.”

Dwaas, dom en sleg is die slagspreuk van ons regeerders

2) Die adjunk minister van Vervoer in Suid-Afrika, Lydia Sindiswe Chikunga, het gesê dis nog moontlik om jou motor te bestuur en geld te bespaar, ongeag die maandelikse brandstofverhogings. Let op dat sy die woord “maandeliks” gebruik. Is dit nou iets waarop ons voorbereid moet wees?

Sy het ook gesê dat daar maniere is om brandstof te bespaar wat al vir dekades deur Suid-Afrikaners gebruik word. Van die maniere wat sy genoem het, is die volgende: “Skakel jou hoofligte af as jy in die nag ry”. En “Skakel die enjin af terwyl jy ry” en “moenie passasiers in jou motor hê nie”.

Nou ja, wie sal in ’n motor klim waarvan die bestuurder die ligte in die nag afskakel en somer ook die enjin?

3) Pik Botha sal onthou word as die man wat alles moontlik gedoen het om sy eie mense om elke hoek en draai te ondergrawe.

So het hy bv. bygedra om ’n fondament te lê vir Suid-Afrika waarop alle leierskap kan voortbou om ’n slegter nasie te skep. In 1984 het hy vir PW Botha ’n belanghebbende toespraak geskryf oor stappe wat sou lei tot die uiteindelijke vrylating van die kommunis Nelson Mandela.

PW Botha het Pik Botha se toespraak egter opgeskeur, in die snippermandjie gegooi en sy eie Rubicon-toespraak geskryf. Maar sy strewende om te behou wat goed en reg was, het die wêreld met woede vervul.

Pik was lid van die Apartheidsleierskap wat ywerig meegedoen het om Suid-Afrika te help om die oorgang na ’n Afrika-demokrasie te maak. FW de Klerk, wat die ANC op 2 Februarie 1990 ontban het, het gesê Botha was ’n “wegbereider en ’n sleutelfiguur” in die aanloop tot dié geskiedkundige dag van sy oorgawe. Pik Botha is in 1994 deur Nelson Mandela as minister van minerale en energiesake aangestel totdat hy in 1996 uit die politiek getree het.

Sedert 2000 was hy ’n ingeskrewe lid van die ANC Party. Van sy vriende en kollegas het hom soos volg beskryf:

Lt.-genl. Hein du Toit, ’n voormalige hoof van militêre intelligensie, het Botha as ’n “verskriklike aandagsoeker en heeltemal onbetroubare persoon beskou. ’n Grootbek met min om die lyf.”

Wyle genl. Magnus Malan, voormalige minister van verdediging wat lank ’n

Kabinetskollega van Botha was, het gesê: “Pik soek centre stage. Hy wil die bruid op elke troue wees, die lyk op elke begrafnis.”

Op 23 Oktober 2018 het hy dan ook met sy ter aarde bestelling vir oulaas die voorreg gehad om centre stage te geniet...

DIE GETY HET GEDRAAI (ADV. P.J. PRETORIUS EN ADRIAAN SNYMAN)

Adv. P.J. Pretorius (die skrywer van Volksverraad) en Adriaan Snyman het saamgespan om Die gety het Gedraai te skryf. Dit handel hoofsaaklik oor die profetiese vooruitsigte wat Siener van Rensburg vir ons dag en tyd vir die wêreld en Suid-Afrika voorspel het.

Die gety het gedraai, is 'n boodskap van hoop en dit voorspel ook 'n heel nuwe toekoms vir ons land.

In DEEL I skryf adv. Pretorius in sy voorwoord: "As ons dit wat moet plaasvind verstaan, sal ons verstaan dat Suid-Afrika moet gered word om as verskansing teen die komende verworpenheid vir Christene hier en regoor die wêreld te dien. Ons (Suid-Afrika) word "God se geestelike verbondsark".

In DEEL II behartig Adriaan Snyman o.m. 'n aantal herontdekte briewe wat Boy Mussmann aan Rhodesiese vriende geskryf het. In hierdie briewe kry ons nie net 'n duidelike beeld dat die gety dwars-oor die wêreld besig is om te draai nie, maar ook dat Suid-Afrika bestem is om die 'Nuwe Kanaän' vir die mensdom te word. (Die gety het gedraai, 280 bladsye, R200).


"Die gety het gedraai", kyk na drie redes waarom Siener van Rensburg as profeet vir sy volk geroep is.

Eerstens, om hulle te waarsku dat die skaduwee van 'n magtiger kryger (Jacob Zuma) se skild en spies oor die land sal val, sou hulle hul God se wette en geboorte versaak. Maar ongeag sy waarskuwing, het hulle dit nie net gedoen nie, maar ook die rug op Hom gedraai. En onder daardie skaduwee het hulle land se infrastrukture ineengestort en is sy ekonomie verlaag tot rommelstatus. Ons lewensomstandighede

gaan by die dag agteruit; plaasmoorde, stakings, geweld en verkragtings toegeneem en werkloosheid staan op sy hoogste vlak in 25 jaar.

Dit alles moes ons verduur terwyl nog net die skaduwee van die skild en spies oor ons geval het. Maar volgens Siener was dit net die begin. Die ergste moes nog kom, want vóór hierdie 'magtige kryger' (Zuma) se verdwyning, het hy 'n groot donkerte oor die land sien neerdaal. (En soos ons almal weet, is daar 'n groot verskil tussen skaduwee en duisternis).

Tweedens, is hy geroep om 'n dag van verootmoediging vir sy volk aan te kondig. Dit sou 'n dag wees van donkerte en wolkenag; 'n dag waarop jy nie jou hand voor jou oë kan sien nie; wanneer 'n emmer





bloed in die noorde omval, vure na 'n begrafnis oor die land hardloop en vroue uit hul huise vlug sonder om venster of deur toe te maak.

En dit sal in hierdie tyd wees dat die volk hom voor God in verootmoediging gaan neerbuig om hulle redding van Bo te verwag.

Derdens, in een van sy visioene het Siener gesien hoedat hy wit boontjies oor die aarde uitstrooi. Wit boontjies is 'n simbool vir die Blanke Westerse beskawing. Dis ook 'n teken vir die terugkeer na volkstrots, eie waardes, eie kultuur en eie geloof. En al die 'slim plannetjies' wat die liberale demokrate teen sy volk gesmee het, sê hy, sal deur 'n Goddelike ingryping tot niet gemaak word. Verder het hy ook gesê, as hierdie gety eers begin draai, sal niks en niemand dit weer kan stop nie.

Selfs die grond wat die vyand sonder vergoeding onteien, sal alles weer deur wetgewing gekonfiskeer word.

Die gety het gedraai handel oor Siener se toekomstigesigte wat in ons dag en datum besig is om in vervulling te gaan. Dit het in Rusland begin, na Amerika oorgewaai en dwarsoor Europa uitgeslaan.

Dis 'n verhaal van die "verskrikkinge van die laaste dae". Die Klip koninkryk. Die Rooi-vlag rewolusie in SA. Die Vierde Duitse Ryk. Die afsterwe van koningin Elizabeth; en die Staatsoorname in SA.

In sy voorwoord skryf adv. Pretorius: "As ons dit wat moet plaasvind, verstaan, sal ons verstaan dat Suid-Afrika moet gered word om as verskansing teen die komende verworpenheid vir Christene hier en regoor die wêreld te dien. Ons (Suid-Afrika) word "God se geestelike verbondsark"

Verder word daar gekyk na Siener se voorspellings van huidige konflikte op die wêreldfront wat die aanloop tot die Derde Wêreldoorlog sal wees;

die uitrafeling van die Europese Unie; die onstuitbare golf asielsoekers wat Europa en Amerika binnestroom; dreigende burgeroorloë hier en elders; die ineenstorting van ekonomieë wêreldwyd; die toenemende verdeeldheid en opstand in Afrika; die grootste staking in Suid-Afrika se geskiedenis; 'n blik op die vervolging van behoudende Blankes wat in die proses kaal gestroop word; die bombardering en verwoesting van Kaapstad; die Mofskoop- of Doringbosregering; 'n geslaagde staatsgreep; en laastens, Suid-Afrika – 'n veilige hawe vir gelowiges van dwarsoor die wêreld.

SÊ NET HOEKOM ONS NOG MOET HELP

Blanke suid-Afrikaners word dikwels daarvan beskuldig dat hulle sin van "meerderwarigheid", hulle "Blanke bevoorregting", die rede is waarom die multikulturele Nuwe Suid-Afrika en die Reënboognasie misluk het. Dit is skynbaar die onwilligheid van die blankes om hulle eiendom en rykdom te deel wat die oorsaak van die ellende is.

As ons kyk na die onlangse geskiedenis van Suid-Afrika, dan sal ons ontdek dat dat die ANC sy mag nie deur stryd gewen is soos wat die ANC en die res van die swartes beweer nie. Politieke ontleders soos die gevrekte Dr. F van Zyl Slabbert, stem oor die volgende saam:

"Die apartheidsregering kon maklik nog vir ten minste 15 jaar aanbewind gebly het. Die oorhandiging was vrywillig gedoen deur 'n meerderheid "ja" stemme in die 1992 Referendum in Suid-Afrika".

En saam met die mag wat aan hulle gegee is, was 'n hele klomp ander dinge saam in die pakkie toegewind. Vyf en twintig jaar later moet ons bepaal wat daarmee gedoen is en met hierdie waardebevestiging kom



die vraag:

Sê vir ons –

Hoekom moet ons nog meer gee?

Hoekom moet ons respekteer wat die swart meerderheidsregering gedoen het met wat vir hulle gegee is? Ns vra:

Hoekom JULLE nog vertrou verdien, selfs meer geleenthede?

Hoekom JULLE glo dat ONS nie die reg het om te sê nie: “Dis nou genoeg. Ons gaan weggaan en sorg vir ons eie toekoms. Ons eis nou selfbeskikking (determination)”.

Sê vir ons hoekom dit is dat julle mag gegee is en julle het die regering daarmee volkome gekorrupteer.

Hoekom is opvoeding, vervoer en gesondheid aan julle toevertrou? Vandag sit ons met matrikulante wat slaag met 30% en selfs dit is nou verder afgedruk!

Ons het pasiënte in hospitale wat hulle op die hospitaalvloere lê en doodbloei terwyl die verpleegsters sit en tee drink.

Ons het ‘n openbare passisteem gehad wat die beste in Afrika was, nou is dit beswaarlik geskik vir enige voertuig; en wat van ons treine wat gedurig aan die brand gesteeek word?

‘n Erfenis is aan julle toevertrou.

Nasionale erfenissimbole soos die Augusta Manor House, Bloemfontein se stadsaal en talle standbeelde. Julle het alles verbrand en vernietig.

Plekke en strate is vernoem na mense wat geen skakel hoegenaamd daarmee het nie. Ons taal

waarin klas gegee was in die hoër opvoedingsentra, wat in die eerste plek gestig is deur die bestaan van daardie taal, het julle in die ban gedoen.

Ons sportspanne is aan julle toevertrou om hulle internasionaal kompetend te maak. Deur JULLE kwotasisteem het julle ons nou die grap van die wêreld gemaak.

‘n Burgerlike lugvaart maatskappy, wat een van die oudste en die mees betroubare in die wêreld was, is aan julle oorhandig. Julle het dit bankrot gemaak.

Die Poskantoor, Denel, Eskom, SARS, Transnet, Yskor is aan julle oorhandig ... almal funksioneel en winsgewend. Julle het hulle almal bankrot gemaak, hulle verkoop aan Indiërs en Sjinese, hulle geplunder en hulle almal tot in die grond gedruk.

ALLES wat JULLE ontvang het, is vernietig, gekorrupteer, bankrot en gekompromiteer.

Die enigste iets wat JULLE in 25 jaar op die been probeer bring het, die VBS Bank, is ‘n totale mislukking.

En nou beweer JULLE dat blanke arrogansie die rede is waarom daar ‘n gebrek aan respek is vir die swart meerderheidsregering.

Ons minag nie julle regering omdat dit swart is nie, ons minag dit omdat dit disfunksioneel, korrup en onbevoeg is!

Dus, sê weer: Hoekom is dit vir ons nodig om vir julle nog steeds geleenthede te gee, terwyl ons gesien het wat julle gedoen het met dit wat reeds aan julle gegee is?

DIE BITTEREINDERS SAL VOLHARD

Moenie vir u laat wysmaak dat die skyn van 'n oormag nou alles beëindig het nie. Toe die Bittereinders in Augustus 1900 begin het, het dit gelyk of alles verlore was. Maar die Bittereinders het die wil gehad om weer die stryd te hervat en te volhard. Dit is een van die belangrikste kenmerke van die Boervolk — sy onbreekbare volharding: aanhou, aanhou, aanhou.

Na 1902 is sestig jaar aangehou om hierdie land weer ons land te maak — vry van die Britse oorheersing. Sestig jaar. Dit is die uitdaging waarvoor ons nou ook staan.

Ons moet by die onmiddellike situasie verby kyk: net soos daardie Bittereinders.

Ons moet net voortgaan op die basis waarop ons begin het en die erfgename

geword het van die manne wat voor ons was. Ons moet op die basis van Volksnasionale die stryd voortsit.

Mense het die behoefte om aan 'n volk te behoort, hulle daarmee te vereenselwig en daarop trots te wees. Dit is die lewenskrag van die nasionalisme.

Daarom, laat ons vir onself dit duidelik kry: Nasionalisme is 'n onvernietigbare mag op aarde. Ons is geroepe om die bewakers en die draers van daardie nasionalisme te wees, die basiese waardes van ons volk: taal, volkskap, vaderland, vryheid, geloof. Dit is die wewoorde waarop ons ons vestig as ons die uitdaging aanvaar om weer vry te word in hierdie land en vir die wêreld te sê: Dié land is óns land. Ons gaan nie vertrek uit hom nie. Ons gee hom nie oor nie. (Mnr. Jaap Marais, HNP-kongres, 24 Maart 2000

– vyf maande voor sy dood).

Ons wil hier by oom Jaap aansluit deur te sê dat die stryd vandag teen die oormag (wit en swart) groter is as wat dit destyds was. Die oormag is oorweldigend, maar, soos die Russe, Hongare en Pole, moet ons steeds daarop roem dat ons aan 'n gedugte volk behoort.

POLE SE STRYD OM VRYHEID

Die Pole het hulle land verloor in 1795 waarna geen onafhanklike Poolse staat bestaan het nie. Maar al die jare het hulle steeds daar gewoon, sonder regering, sonder land en wat Pole by ander volke ingelyf. Tog het hulle volksnasionalistiese gevoel nie vergaan nie, dit het nie verdwyn soos die wêreld se magte gehoop het nie. Intendeel, dit het gegroei en in hulle wese het hulle, die Bittereinders, vas bly staan teen die oormag en die vyand. Die geleentheid om weer onafhaklik te word, het eers in 1918 gerealiseer. Met die 2de Wêreldoorlog is dit weer van hom weggeneem, tot 1989 toe hulle finaal hul vryheid teruggekry het. Vandag is hulle mense wat weet wat dit beteken om 'n volk te wees en om te veg vir dit wat jy in jou hart weet is reg.

Sal ons as volk ook uit die as opstaan om weerstand te bied? Of het verraderlike leiers daarin geslaag om ons volk finaal op 'n sypoor te rangeer en daar af te takel? Dit wil amper so lyk, want die meerderheid stel nie meer in die behoud van ons volk belang nie. Hulle het klaar aanvaar ons het die stryd verloor en hulle vestig hul hoop op gunste en gawes van die vyand en dat dit vir hulle 'n nuwe toekoms sal baar.

Al is dit ook 'n toekoms onder die juk Godloosheid.

En dit sal net weer 'n handjie vol Bittereinders wees wat vir volk en vaderland in die bres moet staan.

DIE VIER PERDE VAN AFRIKA

Die afgelope tyd gaan daar byna nie 'n dag verby dat ons nie 'n gesig van Siener van Rensburg in vervulling sien gaan nie. Maar hy het dit presies net so voorspel: "Daar kom 'n tyd dat ek weer baie in die nuus sal wees. In daardie tyd sien ek baklei ons nog onder mekaar, toe is als meteens verby, en sit ons met 'n swart regering. Dan eers begin die Afrikaner se laaste, maar ook sy felste stryd..."

Ook bo in Afrika sal daar in dié tyd groot ellende en verskrikking wees. Hy beskryf dit só: "Ek sien vier perde moet nog ry bo in Afrika. Die nasies wil oorlog maak. Daar is groot droogtes (eerste perd); hulle saai nie en oes nie; dan kom daar hongersnood (tweede perd); ook maak hulle net oorlog (derde perd), en hulle plant nie; hulle begin om dood te gaan van die honger; kan nie meer hulle dooies begrawe nie; dan breek die pes uit (vierde perd), vreeslik baie gaan dood wat nie begrawe word nie."

En vandag word die ganse Afrika geteister deur droogtes, hongersnood, oorlog en pessiëktes.

Ons wat bekend is met die boek van Openbaring in die Bybel, sal dadelik die ooreenkoms sien tussen Siener se vier Afrika-perde en Johannes se vier perderuiters wat hy in Openbaring 6:1-8 na die vier uithoeke van die wêreld sien galop het.

En juis in hierdie tyd sien hy ons grense na die noorde word oopgegooi en duisende onwettige immigrante en plakkers, stroom die land binne (10/1/1915). Dit het tot gevolg dat xenofobiese geweld uitbreek: "Die swart volke in Suid-Afrika raak in 'n hewige stryd gewikkel, maar dit word deur die leiers en media geheim gehou (12/1/1915).

Net uit Zimbabwe het reeds meer as 4 miljoen onwettiges die land ingekom, en die regering is nou besig om aan een miljoen van hulle verblyfpermitte uit te reik (Beeld 28 September 2010). Konserwatief bereken is daar nog tussen 20-30 miljoen onwettige immigrante uit ander dele van Afrika, veral uit Nigerië, en hulle is vandag in beheer van groot dwelmsindikate en meer as 60 000 prostitute (swart en wit).

Siener het ons ook gewaarsku dat ons nie alles moet glo wat deur die media verkondig word nie. Reeds in die eerste Siener-boek (Stem van 'n profeet – 1993) is daar 'n profesie waarin hy dit voorspel, en ook sê dat die media in die tyd van die swart regering ons doelbewus gaan mislei en belieg: "Belangrike nuusgebeure word nou doelbewus en openlik van die publiek weerhou, en daar is totale onkunde oor wat in die land aan die gang is. Want die nuusdekking op radio en die TV is in die hande van die Boer se vyand wat sterk kommunistiese bande het..."

Kommunisme het al in die sestigerjare van die vorige eeu oor Afrika begin spoel, en Siener gesê hy die hoe die rooi sekel vanuit die noorde suidwaarts versprei om ook Suider-Afrika in ellende en chaos te dompel. Dan het hy ook vier perde van onheil bo in Afrika sien ry.

Die nasies maak oorlog en daar is groot droogte (dis die eerste perd); hulle saai nie en oes nie; dan kom daar hongersnood (die tweede perd).

Dit was in 1984-85 toe meer as 'n miljoen Ethiopiërs weens hongersnood gesterf het.

Daarna, sê hy, maak hulle weer oorlog (die derde perd). Hulle plant nie, en begin weer om dood te gaan van die honger.

Volgens CNN staar 8,5 miljoen Ethiopiërs en ander swartes in Afrika, veral in die Suide van Somalië hierdie somer die ergste hongersnood in sy geskiedenis



in die gesig. Daar word feitlik geen reën vir daardie gebiede voorspel nie. Sowat 700 000 kinders is op hierdie oomblik reeds besig om van honger en dors te sterf.

Siener beskryf vir ons Op 6 Maart 1919 hierdie hongersnood (wat ook in Suid-Afrika sy tol onder die swartes gaan eis) soos volg:

“Ek sien daar is jong mielies op die land en hulle gee saad. Maar toe kom daar vuilgoed op en neem die mielies in. En nadat die mielies weggeraak het, lê daar mensgeraamtes.

In verband hiermee het Siener aan mnr. Boy Mussmann gesê: Omdat ons volk op hul leiers se vleeslike arm gesteun het en hulle verafgod het, gaan God elke soort ellende en ramp oor hulle bring - behalwe hongersnood...

Daardie geraamtes wat hy gesien het, kan dus nie dié van sy eie volk wees nie.

En dan sien hy die vierde perd bo in Afrika ry. Dis ‘n

Aaklige pes waaraan soveel miljoene gaan sterf dat die lyke nie begrawe kan word nie.

Vir interessantheid wil ek net noem dat die Swart Pes wat gedurende die 14de eeu na skatting tussen 75 en 200 miljoen lewens in Eurasië geëis het, so pas in Madagaskar uitbreek het. Dis hoogs aansteeklik, en word van persoon tot persoon oorgedra. Dit het ‘n sterftesyfer van nagenoeg 100 persent en die slagoffer sterf binne 24 uur.

25 JAAR

Vir 25 jaar lank al is daar gewaarsku, gepraat, geskryf en baie gedoen om ons volk te laat verstaan dat daar ‘n bose agenda teen ons is, maar die meerderheid is nog salig gesus in hulle gemaklike, “veilige” lewes. Ons het gesien hoe hulle na Angus Buchan stroom asof hy hulle messias is (wat hy waarskynlik is) en hulle het geen kennis oor wie en wat die katolieke kerk is nie. Ons het gesien hoe mense verbastering



aanvaar en ander gelowe aanvaar en ander volke in hulle privaatlewe toelaat en geen kennis van die Bybel het nie.

Ons het baie dreigemente gehoor nadat moorde op blankes deur swartes gepleeg is soos: "As dit weer gebeur, is daar oorlog!" Maar niemand het opgestaan om die swartes teë te gaan nie, maar daar is eerder nog meer probeer om swart en wit versoen te kry. Daar was met groot fanfare aangekondig dat die Kaap afstig, maar dis speletjies van kinders. Daar is al verskeie "presidente" van ons toekomstige, vrye republiek "ingesweer", daar was al 'n volkstaatjie bepleit, allerhande beloftes en planne waarin God nie geken is nie en dus tot mislukking gedoem was. Die dag van werklike doen kom egter nader en hoeveel sal bereid wees om weerstand te bied?

Vandag, hier aan die einde van 2018, weet ons dat die tyd van genade verby is. Elkeen van ons het reeds 'n keuse gemaak, elkeen van ons weet vandag waar hy of sy staan en hoe hulle voel oor die kerk, die politiek, wat in koerante staan en op die Internet verkondig word. Al die moontlikhede is aan ons almal opgedis en die meeste mense het blindelings "politiek korrek" gekies. Mense het gewys watter wonderlike verskonings hulle het vir hulle lamledigheid. Hulle was vinnig om andersdekendes af te kraak wat nie soos hulle gedink het nie. En daagliks word daar nuwe verskonings vir die swartes se gedrag uitgedink.

En nou? Nou lyk die land glad nie meer soos hulle hulself dit voorgestel het nie. Is daar voorspoed? Is daar vrede? Ons staan weereens voor 'n verkiesing en weer is daar duisende en tienduisende blankes wat hulle hoop daarop vestig en glo dat hulle kruisie 'n verskil sal maak. Hulle is nog elke keer teleurgestel, maar hulle gaan maar weer terug na die stembus om nog 'n kruisie te trek. Eintlik is dit pateties om te sien hoe desperaat hulle aan grashalms vasklou asof dit 'n reddingsboei is. En die ANC kan hulle 'n brief

gee dat dit anderkant die verkiesing net slegter sal gaan.

Maar daardie brief wil hulle nie lees nie!

Wat gaan hulle terugbring aarde toe en wakker skud? Wat gaan hulle laat besef dat skaap en wolf (lig en duisternis) nie in dieselfde kamer kan bestaan nie? Hoe gaan ons hulle ooit weer sover kry om te besef God het self lig en duisternis geskei? Want tóé eers kom Hy met sy skeppingswerk voortgaan

Die laaste en felste stryd vir ons volk gaan wees as ons van elke pennie gestroop word, as ons nie net ons huise, ons toekoms en ons werk verloor nie, maar ook ons menswees wanneer die barbare op ons toesak. Dis eers wanneer ons niks gaan hê nie en soos Johanna Brandt sê sonder enigiets in die veld sit, dat ons sal weet waar ons Hulp vandaan kom. Nie om ryk te word nie, maar om genoeg kos op die tafel te hê. Nie om universiteit toe te gaan nie, maar 'n boek het om te lees. Nie om te "shop till you drop" nie, maar om warm klere in die koue te hê om aan te trek. Nie om duur vakansies te hou nie, maar om dankbaar te wees vir die Sabbat as 'n rusdag.

Die volk het nog 'n laaste, harde pad om te loop. Net onself kan maak dat dit nie so erg sal wees nie deur bymekaar te kom en met mekaar te deel wat ons het, deur mekaar se laste te dra, mekaar te waardeer en te ondersteun.

Maar uit die lesse van die verlede kan ons byna seker wees die volk gaan andermaal die harde pad kies; dit hardnekkig, hoogmoedig en moedswillig loop tot die groot en finale val en vernietiging kom.

Daar is baie wat blindelings glo daar wag vir ons nog 'n blink toekoms saam met die barbaar. Hulle glo ook vas dat dit vorentoe net beter sal gaan. Maar elke dag kruip die skaduwees nader, sak die donkerter vinniger toe en trek hulle nog 'n vuurhoutjie.

Daar is iets in die lug wat vir ons sê die komende jaar gaan anders wees – heeltemal anders, ‘n onheilspellende andersheid waarmee on nooit rekening gehou het nie; en dit gaan ons oorval soos varkmaatsels en mistige weer!

Baie gaan met groot somme geld ‘n blywende “vrede en veiligheid” koop net om op die gemaklike, salige ou trant te kan voortgaan. Daar is baie wat herkoms, kultuur, taal en godsdiens oorboord gaan gooi met die hoop dit sal die knoop deurbak.

Maar wat hulle nie begryp nie is dat ons nie net aan die einde van ‘n jaar staan nie, maar ook van ‘n tydperk waarin ons as blankes nog ‘n staanplek gehad het. Ons is soos die Pole sonder ‘n land, ons taal is weggevat, ons kultuur vertrap en ons as volk word verag en genegeer. Ons kon in 1992 nog ‘n verskil maak het, maar die volk het besluit om dit nie te doen nie. Gierigheid en ‘n drang na voorspoed, vermaak, plesier en hoogmoed het minderwaardige, verrotte siele in leierposisies gebring en vandaar is ons vertrap en uitgelewer aan ons bitterste vyande.

Min mense verstaan wat werklik vir hulle op die spel was en nog steeds is.

In hierdie jaar hgaan die droogte vererger (volgens die weerkundiges); die geld minder raak, pryse gaan bly styg en die ergste van alles is dat die geweld soos ‘n hernieuende golf oor ons gaan spoel.

En wanneer ons magteloos teen die aanslae en oormag staan, dan en dan alleen sal daar ‘n geroep opgaan na die Troonkamer.

‘n Vraag wat by jou opkom, is: Hoekom? Hoekom het ons so lank gewag?

SWARTES SE KULTUUR VAN WANBETALING

Net in Soweto skuld die swartes R1.5 biljoen aan onbetaalde kragrekeninge. Die res van hulle skuld ook soveel. My pa het altyd gesê jy leen nooit vir ‘n swarte geld nie, hy betaal dit nie terug nie, want hy glo jy skuld dit vir hom!

‘n Paar jaar gelede het iemand wat goed vertrou is met hulle kultuur, dit so verduidelik: As Siphos by jou R100 leen, dan is dit een transaksie. Oormôre kom leen hy weer R100, maar jy sê vir hom hy moet eers die eerste R100 terugbetaal voordat jy weer vir hom kan leen. Hy verstaan dit glad nie. Die eerste R100 was een transaksie. Die tweede R100 is heeltemal ‘n ander transaksie en jy kan nie die twee bymekaarsit nie. Vir hom werk dit glad nie. Môre sal hy weer R100 kom leen en bewaar jou siel as jy vra waar die betaling op die vorige twee is. Dus hulle betaal eenvoudig nie en voel glad nie skuldig nie, want dis alles verskillende transaksies.

Dit werk nou ongelukkig nie so in die Westerse beskawing nie, en Eskom sit juis met ernstige finansiële probleme as gevolg van die swartes se betaal-kultuur. Nou word daar gesê: “Swartes het ‘n ongelooflike negatiewe en totaal onverantwoordelike gedrag”. Wat die liberaliste nooit vir jou sê nie, of dalk self nie beseft nie, is dat die ANC die swartes hierdie truuk geleer het in hulle stryd teen die blankes onder apartheid.

Die swartes is geleer om dinge te boikot, om brand te steek, om te vernietig, te staak en te dans as hulle “ongelukkig” voel oor iets.

Hierdie gesindheid het vasgesteek en nou ontplof dit in die gesigte van die kruiperige rykes en die liberaliste en selfs buitelandse beleggers! Hulle het almal



hierdie negatiewe swart houding gesteun, en dit het onbelemmerd voortgegaan. Die swartes is geleer om wetteloos te wees en om die blankes te alle tye uit te daag. En hulle misdadigheid ken geen perke nie en die blanke moet daarvoor opdok.

So het Eskom bv. R400 biljoen se skuld; maar hulle gaan bou twee nuwe kragstasies, Kusile en Medupi sonder om die koste te bereken. Nou kort hy R130 biljoen om die projekte te voltooi. Verder het hy 'n tekort van R58 biljoen op laasjaar se begroting en op daardie tekort kon hy nog net lenings van R35 biljoen bymekaarskraap. Die geld was daar vir alles, maar dit is nie meer daar nie en niemand weer waarheen dit verdwyn het nie.

Die krisis by Eskom is baie erger as wat enigeen van ons besef. 'n Gewese senior werknemer by Eskom het aan ons gesê dat self al kry hy 'n lening van triljoen rand, sal dit geen verskil maak nie, want die geval by Eskom is so erg dat dit steeds 5 tot 10 jaar sal neem om net weer normaal te funksioneer. Bygesê, dan moet die kundiges wat intussen weggejaag is, weer in diens geneem word.

Alle moontlike finansiële bronne het Eskom reeds kaalgestroop, en al wat nou nog oorbly, is die staatspensioenfonds; en dié is hy reeds besig om te plunder.

Dit is al as sekuriteit gegee vir die Chinese, E-tol, Eskomlenings, asook Denel, Transnet, Spoornet en SAA lenings.

As 'n mens elke maand iets van jou huisraad verkoop om jou kostes te kan betaal, gaan jy net so lank kan aanhou as wat jy iets het om te verkoop. Hierdie regering het daardie punt bereik. Daar is byna gebates meer om te verkoop nie en die beloftes word net groter en groter.

Maar die slim swartkoppe het 'n Plan B: Verkoop Denel aan die handdoekkoppe en siedaar ons prob-

leme is opgelos! By die koopprys is natuurlik ingesluit Denel se geheime tegnologiese kundigheid wat oor jare opgebou is.

VERDEDIG WESTERSE KULTUUR OF STERF

VIKTOR ORBAN

Op 'n somerdag in 1989 het 'n jongman voor 'n mikrofoon gaan staan om 250,000 mense in Boedapest toe te spreek. Hulle het op die Heldeplein vergader vir die seremoniële herbegraving van Imre Nagy, held van die 1956-Hongaarse Opstand teen die Russiese kommunistiese bewind, wat genadeloos deur die Sowjet-weermag onderdruk is.

Die onbekende spreker was die 26-jarige Viktor Orban wat 'n klein jeuggroep met die naam Fidesz verteenwoordig het. Met sy toespraak van ses en 'n half minute het hy die skare op die plein en die kykers tuis voor 'n keuse gestel: 'n Christelike, onafhanklike Hongarye met vrye verkiesings, asook die onttrekking van Sowjet-troepe uit Hongarye, óf die ondergang en dood van die Westerse beskawing. Hierdie kort toespraak het hom byna oornag in Hongarye en in die buiteland bekend gemaak.

Met die verkiesing van 1990 het Orban, teen alle verwagting, namens die Fidesz-party, een setel in die parlement gekry. Met verloop van tyd het Orban se party na regs begin beweeg en 'n Christelik-Nasionalistiese stempel gekry. Skaars 8 jaar later behaal die Fidesz-party 'n verrassende oorwinning en word Orban op 35-jarige leeftyd die premier van Hongarye in koalisie met die FKgP-party. Maar in 2002 word 'n reeks skandale in die FKgP blootgelê en verloor Orban sy premierskap.



Eers met die verkiesing van 2010 slaag die Fidesz-party daarin om 'n volslae oorwinning te behaal en word Orban weer eerste minister van Hongarye.

Na aanleiding van die Europese migrantekrisis het Orban vanaf Julie 2015 'n 4 meter hoë en 175 kilometer lange omheining langs die Servies-Hongaarse grens gebou. Na die voltooiing van hierdie afsluiting, op 15 September 2015, is die verdere toestroom van immigrante na Hongarye grotendeels gestaak. Dit het egter baie verontwaardiging uitgelok by menseregte-organisasies en die regerings van enkele ander Wes-Europese lidstate. Orban sien dit egter as 'n land se plig om sy grense te beskerm, en ook om Europa te beskerm teen die instroming van die oorwegend Islamitiese vlugteling uit die Midde-Ooste. Met sy beleid probeer hy ook om die mededinging van die regs-radikale party, Jobbik, te weerstaan.

En tot vandag toe het hy nog geensins afgewyk van sy strewe na 'n Hongarye wat in alle opsigte die eeue oue Westerse beskawing moet onderhou en bevorder nie.

Dit is onlangs weer bewys in sy toespraak tydens die heropening van die nuut opgeknapte Museum vir Skone Kunste in Budapest.

Erdogan, soos Trump, bewys aan die wêreld dat die tyd van die liberale siening misluk het en dat dit verby is. Mense staan weer op vir wat hulle eie is, dit wat hulle definiëer wie hulle is.

Tydens 'n geleentheid het Orban gesê dat as die Christen, Hongaarse en Europese kulture moet oorleef, sal hulle voorstanders en volgelingen nou hulle kulturele wese en gees, identiteit en soewereiniteit moet verdedig in die vorteks van die Europese kulturele oorlog.

In sy toespraak het die eerste minister daarop klem gelê dat "ons leef in vrede met ons eie kultuur en ge-

skiedenis ... Dit is 'n groot geskenk in hierdie wêreld; laat ons die waarde daarvan erken."

Terselfdertyd het hy opgemerk dat daar geen ruimte kan wees vir traagheid wanneer dit kom by die beskerming van jou godsdienste en kultuur nie. Hy het ook opgemerk dat die oorhandiging van van die opgeknapte museum 'n groot mylpaal is in die Stadspark-projek.

Hy het gesê dat Hongare glo in geestelike grootheid wat na nuwe hoogtes streef. Hulle voorvaders het dit verstaan en dit ernstig opgeneem, het hy gesê, en dit het hulle daartoe gelei om die Heldeplein met sy Millennium Monument en die Stadspark te skep, en toe die Museum vir Skone Kunste te bou.

Orban het ook gesê die Millenniumvieringe van 1896 getoon het dat die Hongare 'n ambisieuse volk vol selfvertroue is – die gevolge van die stormagtige geskiedenis van 'n duisend jaar en die vaardighede wat in die wêreld van kultuur en wetenskap gedemonstreer is. Hy het bygevoeg dat die Hongaarse volkmense is "wat altyd meer aan die wêreld gegee het as wat dit daar uitgeneem het".

Die Hongare het eeue lank Europa in sy veldslae verdedig en met sy kultuur het hy bygedra tot Europa se diversiteit.

"Ons glo in idees wat die tyd deurstaan en ons hoop dat daar 'n gedeelde orde sal wees waarna ons almal vrylik kan aspireer."

Viktor Orban het die situasie in Europa raak opgesom met hierdie woorde: "Wat vir ons vandag in Europa op die spel is, is die lewensstyl van die Blanke, Blanke waardes, die oorlewing of verdwyning van Blanke volke, en meer presies geformuleer, hulle transformasie tot onherkenbaarheid. Vandag is die vraag nie bloot in watter soort Europa ons wil woon nie, maar of alles dit wat ons as Europa (Blank) verstaan, hoegenaamd nog eendag sal bestaan."

SWAKOPMUND SKILDER WREED VERMOOR

Lindie Prinsloo, 'n bekende en begaafde skilder van Swakopmund se lyk is op Vrydag 2 November in haar huis in Vineta, Swakopmund ontdek. Sy is na berig word in 'n plas bloed in die badkamer gevind met haar keel afgesny.

Prinsloo se kêrel, Ivan Pitt, 'n Kleurling, wat vir onder-vraging gesoek is, sê lyk is 'n paar dae later in haar motorhuis gevind waar hy homself opgehang het.

Hy het weggery met die oorledene se motor, 'n wit Kia-voertuig. Die verdagte was blykbaar beledigend teenoor Prinsloo en was op borgtog uit vir algemene aanranding en aanranding deur dreigemente, waarin hy die oorledene gedreig het dat hy haar sal doodmaak, het die polisie gesê.

Prinsloo het vroeër 'n klag van aanranding teen Pitt aanhangig gemaak en hy is daarna in hegtenis geneem. Maar sy het hom toe jammer gekry en die aanklag weer teruggetrek.

Vrydagoggend het Prinsloo vol hoop en verwagting op haar Facebook-bladsy geskryf: "November sal 'n maand wees om te onthou. God sal jou blydschap wys soos jy nog nooit gesien het nie. Die gees van depressie en moedeloosheid word gebreek."

Maar jammerlik sou dit nooit bewaarheid word nie, want daardie selfde middag nog is sy deur Pitt in haar badkamer aangerand en het hy ook haar keel afgesny.

Haar 6-jarige dogtertjie wat na bewering tuis was toe Prinsloo vermoor is, het in een stadium na haar ma begin soek en op haar lyk afgekom. Erg getraumatiseer het sy later op haar ma se liggaam gaan lê en aan die slaap geraak. Sy is tans in die sorg van familieleden geplaas.



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za